**Amendment of section 191 of Act 66 of 1995, as amended by section 25 of Act 127 of 1998 and section 46 of Act 12 of 2002**

**35.** Section 191 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (5) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''If a *council* or a commissioner has certified that the *dispute* remains unresolved, or if 30 days or any further period as agreed between the parties have expired since the *council* or the Commission received the referral and the *dispute* remains unresolved—''; and

*(b)* by the substitution for subsection (12) of the following subsection:

''(12) **[If an]** An *employee* who is dismissed by reason of the employer's *operational requirements* **[following a consultation procedure in terms of section 189 that applied to that employee only, the *employee*]** may elect to refer the *dispute* either to arbitration or to the Labour Court if—

*(a)* the employer followed a consultation procedure that applied to that *employee* only, irrespective of whether that procedure complied with section 189;

*(b)* the employer's *operational requirements* lead to the *dismissal* of that *employee* only; or

*(c)* the employer employs less than ten *employees*, irrespective of the number of *employees* who are dismissed.''.

**Substitution of heading to Chapter IX of Act 66 of 1995**

**36.** The following heading is hereby substituted for the heading to Chapter IX of the principal Act:

''**REGULATION OF NON-STANDARD EMPLOYMENT AND GENERAL PROVISIONS**''.

**Amendment of section 198 of Act 66 of 1995**

**37.** Section 198 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the substitution in subsection (1) for paragraph *(a)* of the following paragraph:

''*(a)* who **[render services to, or]** perform work for **[,]** the client; and'';

*(b)* by the substitution in subsection (4) for paragraph *(d)* of the following paragraph:

''*(d)* a sectoral determination made in terms of the **[*Wage*]** *Basic Conditions of Employment Act*;''; and

resultaat van so 'n ondersoek stel nie 'n beroepsnadeel daar nie soos beoog in die Wet op Beskermde Bekendmakings, 2000 (Wet No. 26 van 2000).''.

**Wysiging van artikel 189A van Wet 66 van 1995, soos ingevoeg deur artikel 45 van Wet 12 van 2002**

**33.** Artikel 189A van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur subartikel (2) deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(d)* 'n oorlegplegende party mag nie onredelik weier om die tydperk vir oorlegpleging te verleng nie indien sodanige verlenging vereis word om betekenisvolle oorleg te verseker.''; en

*(b)* deur subartikel (19) te skrap.

**Wysiging van artikel 190 van Wet 66 van 1995**

**34.** Artikel 190 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende paragraaf tot subartikel (2) by te voeg:

''*(d)* indien 'n werkgewer 'n *werknemer* se *diens* by kennisgewing beëindig, is die datum van *ontslag* die datum waarop die kennisweging verstryk of, indien dit 'n vroeër datum is, die datum waarop alle uitstaande salaris aan die *werknemer* betaal word.''.

**Wysiging van artikel 191 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 25 van Wet 127 van 1998 en artikel 46 van Wet 12 van 2002**

**35.** Artikel 191 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur in subartikel (5) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''Indien 'n *raad* of 'n kommissaris gesertifiseer het dat die *geskil* steeds onbesleg is, of indien 30 dae of enige verdere tydperk soos deur die partye ooreengekom verloop het sedert die *raad* of die Kommissie die verwysing ontvang het en die *geskil* steeds onbesleg is—''; en

*(b)* deur subartikel (12) deur die volgende subartikel te vervang:

''(12) **[Indien]** 'n **[*werknemer*]** *Werknemer* wat ontslaan word omrede die werkgewer se *bedryfsvereistes* **[na 'n proses van oorlegpleging ingevolge artikel 189 wat slegs op daardie *werknemer* van toepassing was,]** kan **[die *werknemer*]** verkies om die *geskil* na arbitrasie of na die Arbeidshof te verwys indien—

*(a)* die werkgewer 'n oorsigprosedure gevolg het wat slegs op daardie *werknemer* van toepassing was, ongeag of daardie prosedure met artikel 189 ooreengestem het, al dan nie;

*(b)* die werkgewer se *bedryfsvereistes* lei tot die *ontslag* van daardie *werknemer* alleenlik; of

*(c)* die werkgewer minder as tien *werknemers* in diens het, afgesien van die getal *werknemers* wat ontslaan word.''.

**Vervanging van opskrif van Hoofstuk IX van Wet 66 van 1995**

**36.** Die opskrif van Hoofstuk IX van die Hoofwet word hierby deur die volgende opskrif vervang:

''**REGULERING VAN NIESTANDAARDDIENS EN ALGEMENE BEPALINGS**''.

**Wysiging van artikel 198 van Wet 66 van 1995**

**37.** Artikel 198 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur paragraaf *(a)* in subartikel (1) deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(a)* wat **[aan die kliënt dienste lewer of]** vir die kliënt werk doen; en'';

*(b)* deur paragraaf *(d)* in subartikel (4) deur die volgende paragraaf te vervang:

''*(d)* 'n sektorale vasstelling ingevolge die **[*Loonwet*]** *Wet op Basiese Diensvoorwaardes* gemaak;''; en

*(c)* by the insertion after subsection (4) of the following subsections:

"(4A) If the client of a temporary employment service is jointly and severally liable in terms of section 198(4) or is deemed to be the employer of an *employee* in terms of section 198A(3)*(b)*—

*(a)* the *employee* may institute proceedings against either the temporary employment service or the client or both the temporary employment service and the client;

*(b)* a labour inspector acting in terms of the *Basic Conditions of Employment Act* may secure and enforce compliance against the temporary employment service or the client as if it were the employer, or both; and

*(c)* any order or award made against a temporary employment service or client in terms of this subsection may be enforced against either.

(4B) *(a)* A temporary employment service must provide an *employee* whose service is procured for or provided to a client with written particulars of *employment* that comply with section 29 of the *Basic Conditions of Employment Act*, when the *employee* commences *employment.*

*(b)* Paragraph *(a)* applies, three months after the commencement of the Labour Relations Amendment Act, 2014, to a person whose services were procured for or provided to a client by a temporary employment service in terms of subsection 198(1) prior to the commencement of the Labour Relations Act, 2014.

(4C) An *employee* may not be employed by a temporary employment service on terms and conditions of *employment* which are not permitted by *this Act*, any *employment law*, sectoral determination or *collective agreement* concluded in a *bargaining council* applicable to a client to whom the *employee* renders services.

(4D) The issue of whether an *employee* of a temporary employment service is covered by a *bargaining council* agreement or sectoral determination, must be determined by reference to the sector and area in which the client is engaged.

(4E) In any proceedings brought by an *employee,* the Labour Court or an arbitrator may—

*(a)* determine whether a provision in an *employment* contract or a contract between a temporary employment service and a client complies with subsection (4C); and

*(b)* make an appropriate order or award.

(4F) No person must perform the functions of a temporary employment service unless it is registered in terms of any applicable legislation, and the fact that a temporary employment service is not registered will not constitute a defence to any claim instituted in terms of this section or 198A.".

**Insertion of sections 198A to 198D in Act 66 of 1995**

**38.** The following sections are hereby inserted in the principal Act after section 198:

"**Application of section 198 to employees earning below earnings threshold**

**198A.** (1) In this section, a 'temporary service' means work for a client by an *employee*—

*(a)* for a period not exceeding three months;

*(b)* as a substitute for an *employee* of the client who is temporarily absent; or

*(c)* in a category of work and for any period of time which is determined to be a temporary service by a *collective agreement* concluded in a *bargaining council*, a sectoral determination or a notice published by the Minister, in accordance with the provisions of subsections (6) to (8).

*(c)* deur die volgende subartikels na subartikel (4) in te voeg:

"(4A) Indien die kliënt van 'n tydelike werkverskaffingsdiens gesamentlik en afsonderlik ingevolge artikel 198(4) aanspreeklik is of geag word die werkgewer van 'n *werknemer* te wees ingevolge artikel 198A(3)*(b)*—

*(a)* kan die *werknemer* verrigtinge instel teen die tydelike werkverskaffingsdiens of die kliënt of teen die tydelike werkverskaffingsdiens sowel as die kliënt;

*(b)* 'n arbeidsinspekteur wat ingevolge die *Wet op Basiese Diensvoorwaardes* optree kan voldoening teen die tydelike werkverskaffingsdiens of die kliënt verkry en afdwing asof hy die werknemer is, of albei; en

*(c)* enige bevel of toekenning gemaak ingevolge hierdie subartikel teen 'n tydelike werkverskaffingsdiens of kliënt kan teen albei toegepas word.

(4B) *(a)* 'n Tydelike werkverskaffingsdiens moet 'n *werknemer* wie se diens vir 'n kliënt verkry of voorsien word, voorsien van skriftelike besonderhede van *diens* wat voldoen aan artikel 29 van die *Wet op Basiese Diensvoorwaardes*, wanneer die *werknemer diens* begin.

*(b)* Paragraaf *(a)* is van toepassing, drie maande na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014, op 'n persoon wie se dienste vir 'n kliënt verkry of voorsien word deur 'n tydelike werkverskaffingsdiens ingevolge subartikel 198(1) voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014.

(4C) 'n *Werknemer* mag nie deur 'n tydelike werkverskaffingsdiens in diens geneem word op bedinge en voorwaardes van *diens* wat nie deur *hierdie Wet*, enige *dienswet*, sektorale vasstelling of *kollektiewe ooreenkoms* gesluit in 'n *bedingingsraad* van toepassing op 'n kliënt aan wie die *werknemer* dienste lewer, toegelaat word nie.

(4D) Die vraagstuk of 'n *werknemer* van 'n tydelike werkverskaffingsdiens gedek word deur 'n *bedingingsraad*ooreenkoms of sektorale vasstelling, moet vasgestel word deur verwysing na die sektor en area waarin die kliënt betrokke is.

(4E) In enige verrigtinge wat deur 'n *werknemer* gevoer word, kan die Arbeidshof of 'n arbiter—

*(a)* bepaal of 'n bepaling in 'n *dienskontrak* of 'n kontrak tussen 'n tydelike werkverskaffingsdiens en kliënt voldoen aan subartikel (4C), al dan nie; en

*(b)* 'n gepaste lasgewing of toekenning uitreik.

(4F) Geen persoon moet die werksaamhede van 'n tydelike werkverskaffingsdiens verrig tensy hy of sy ingevolge enige toepaslike wetgewing geregistreer is nie, en die feit dat 'n tydelike werkverskaffingsdiens nie geregistreer is nie, sal nie 'n verweer teen enige eis ingestel ingevolge hierdie artikel of artikel 198A, daarstel nie.".

**Invoeging van artikels 198A tot 198D in Wet 66 van 1995**

**38.** Die volgende artikels word hierby na artikel 198 in die Hoofwet ingevoeg:

"**Toepassing van artikel 198 op werknemers wat onder verdienstedrempel verdien**

**198A.** (1) In hierdie artikel beteken 'n 'tydelike diens' werk vir 'n kliënt deur 'n *werknemer*—

*(a)* vir 'n tydperk van hoogstens drie maande;

*(b)* as 'n plaasvervanger vir 'n *werknemer* van die kliënt wat tydelik afwesig is; of

*(c)* in 'n kategorie van werk en vir enige tydperk wat bepaal is 'n tydelike diens te wees deur 'n *kollektiewe ooreenkoms* gesluit in 'n *bedingingsraad*, 'n sektorale vasstelling of 'n kennisgewing deur die Minister gepubliseer, ooreenkomstig die bepalings van subartikels (6) tot (8).

(2) This section does not apply to *employees* earning in excess of the threshold prescribed by the *Minister* in terms of section 6(3) of the *Basic Conditions of Employment Act.*

(3) For the purposes of *this Act*, an *employee*—

*(a)* performing a temporary service as contemplated in subsection (1) for the client is the *employee* of the temporary employment services in terms of section 198(2); or

*(b)* not performing such temporary service for the client is—

(i) deemed to be the *employee* of that client and the client is deemed to be the employer; and

(ii) subject to the provisions of section 198B, employed on an indefinite basis by the client.

(4) The termination by the temporary employment services of an *employee's* service with a client, whether at the instance of the temporary employment service or the client, for the purpose of avoiding the operation of subsection (3)*(b)* or because the *employee* exercised a right in terms of this Act, is a *dismissal.*

(5) An *employee* deemed to be an *employee* of the client in terms of subsection (3)*(b)* must be treated on the whole not less favourably than an *employee* of the client performing the same or similar work, unless there is a justifiable reason for different treatment.

(6) The *Minister* must by notice in the Government *Gazette* invite representations from the public on which categories of work should be deemed to be temporary service by notice issued by the *Minister* in terms of subsection (1)*(c).*

(7) The *Minister* must consult with *NEDLAC* before publishing a notice or a provision in a sectoral determination contemplated in subsection (1)*(c).*

(8) If there is conflict between a *collective agreement* concluded in a *bargaining council*, a sectoral determination or a notice by the *Minister* contemplated in subsection (1)*(c)*—

*(a)* the *collective agreement* takes precedence over a sectoral determination or notice; and

*(b)* the notice takes precedence over the sectoral determination.

(9) Employees contemplated in this section, whose services were procured for or provided to a client by a temporary employment service in terms of section 198(1) before the commencement of the Labour Relations Amendment Act, 2014, acquire the rights contemplated in subsections (3), (4) and (5) with effect from three months after the commencement of the Labour Relations Amendment Act, 2014.

**Fixed term contracts with employees earning below earnings threshold**

**198B.** (1) For the purpose of this section, a 'fixed term contract' means a contract of employment that terminates on—

*(a)* the occurrence of a specified event;

*(b)* the completion of a specified task or project; or

*(c)* a fixed date, other than an *employee*'s normal or agreed retirement age, subject to subsection (3).

(2) This section does not apply to—

*(a)* *employees* earning in excess of the threshold prescribed by the *Minister* in terms of section 6(3) of the *Basic Conditions of Employment Act;*

*(b)* an employer that employs less than 10 *employees*, or that employs less than 50 *employees* and whose business has been in operation for less than two years, unless—

(i) the employer conducts more than one business; or

(ii) the business was formed by the division or dissolution for any reason of an existing business; and

(2) Hierdie artikel is nie van toepassing op *werknemers* wat meer as die drempel deur die *Minister* voorgeskryf ingevolge artikel 6(3) van die *Wet op Basiese Diensvoorwaardes*, verdien nie.

(3) By die toepassing van *hierdie Wet*, word 'n *werknemer*—

*(a)* wat 'n tydelike diens vir 'n kliënt verrig soos beoog in subartikel (1), geag die *werknemer* van die tydelike werkverskaffingsdienste ingevolge artikel 198(2), te wees; of

*(b)* wat nie 'n tydelike diens vir die kliënt verrig nie—

(i) geag die *werknemer* van daardie kliënt te wees en die kliënt word geag die werkgewer te wees; en

(ii) geag behoudens die bepalings van artikel 198B, op 'n onbepaalde grondslag in diens van die kliënt te wees.

(4) Die beëindiging deur die tydelike werkverskaffingsdienste van 'n *werknemer* se diens by 'n kliënt, hetsy op versoek van die tydelike werkverskaffingsdiens of die kliënt, met die doel om die werking van subartikel (3)*(b)* te vermy of omdat die *werknemer* 'n reg ingevolge hierdie Wet uitgeoefen het, is 'n *ontslag*.

(5) 'n *Werknemer* wat ingevolge subartikel (3)*(b)* geag word 'n *werknemer* van die kliënt te wees, moet in die geheel nie minder gunstig behandel word as 'n *werknemer* van die kliënt wat dieselfde of soortgelyke werk doen nie, tensy daar 'n regverdigbare rede vir verskillende behandeling is.

(6) Die *Minister* moet by kennisgewing in die *Staatskoerant* vertoë van die publiek aanvra oor watter kategorieë werk geag word tydelike werk te wees by kennisgewing uitgereik deur die *Minister* ingevolge subartikel (1)*(c)*.

(7) Die *Minister* moet met *NEOAR* oorleg pleeg voor 'n kennisgewing of 'n bepaling in 'n sektorale vasstelling in subartikel (1)*(c)* beoog, uitgereik word.

(8) Indien daar 'n teenstrydigheid is tussen 'n *kollektiewe ooreenkoms* gesluit in 'n *bedingingsraad*, 'n sektorale vasstelling of 'n kennisgewing deur die *Minister* beoog in subartikel (1)*(c)*—

*(a)* moet die *kollektiewe ooreenkoms* voorkeur geniet oor 'n sektorale vasstelling of kennisgewing; en

*(b)* geniet die kennisgewing voorkeur oor die sektorale vasstelling.

(9) Werknemers in hierdie artikel beoog, wie se dienste ingevolge artikel 198(1) deur 'n tydelike werkverskaffingsdiens, voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014, verkry of voorsien is, verkry die regte in subartikels (3), (4) en (5) beoog, met ingang vanaf drie maande na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014.

**Vastetermyndienskontrak met werknemers wat onder verdienstedrempel verdien**

**198B.** (1) By die toepassing van hierdie artikel, beteken 'n 'vastetermyndienskontrak' 'n dienskontrak wat eindig—

*(a)* wanneer 'n vermelde gebeurtenis plaasvind;

*(b)* by die voltooiing van 'n vermelde taak of projek; of

*(c)* op 'n vasgestelde datum, behalwe 'n *werknemer* se normale of ooreengekome ouderdom van aftrede, behoudens subartikel (3).

(2) Hierdie artikel is nie van toepassing nie op—

*(a)* *werknemers* wat meer verdien as die drempel voorgeskryf deur die *Minister* ingevolge artikel 6(3) van die *Wet op Basiese Diensvoorwaardes*;

*(b)* 'n werkgewer wat minder as 10 *werknemers* in diens het, of wat minder as 50 *werknemers* in diens het en wie se besigheid vir minder as twee jaar in bedryf is, tensy—

(i) die werkgewer meer as een besigheid het; of

(ii) die besigheid gevorm is deur 'n bestaande besigheid om enige rede te verdeel of te ontbind; en

*(c)* an *employee* employed in terms of a fixed term contract which is permitted by any statute, sectoral determination or *collective agreement.*

(3) An employer may employ an *employee* on a fixed term contract or successive fixed term contracts for longer than three months of *employment* only if—

*(a)* the nature of the work for which the *employee* is employed is of a limited or definite duration; or

*(b)* the employer can demonstrate any other justifiable reason for fixing the term of the contract.

(4) Without limiting the generality of subsection (3), the conclusion of a fixed term contract will be justified if the *employee*—

*(a)* is replacing another *employee* who is temporarily absent from work;

*(b)* is employed on account of a temporary increase in the volume of work which is not expected to endure beyond 12 months;

*(c)* is a student or recent graduate who is employed for the purpose of being trained or gaining work experience in order to enter a job or profession;

*(d)* is employed to work exclusively on a specific project that has a limited or defined duration;

*(e)* is a non-citizen who has been granted a work permit for a defined period;

*(f)* is employed to perform seasonal work;

*(g)* is employed for the purpose of an official public works scheme or similar public job creation scheme;

*(h)* is employed in a position which is funded by an external source for a limited period; or

*(i)* has reached the normal or agreed retirement age applicable in the employer's business.

(5) *Employment* in terms of a fixed term contract concluded or renewed in contravention of subsection (3) is deemed to be of indefinite duration.

(6) An offer to employ an *employee* on a fixed term contract or to renew or extend a fixed term contract, must—

*(a)* be in writing; and

*(b)* state the reasons contemplated in subsection (3)*(a)* or *(b)*.

(7) If it is relevant in any proceedings, an employer must prove that there was a justifiable reason for fixing the term of the contract as contemplated in subsection (3) and that the term was agreed.

(8) *(a)* An *employee* employed in terms of a fixed term contract for longer than three months must not be treated less favourably than an *employee* employed on a permanent basis performing the same or similar work, unless there is a justifiable reason for different treatment.

*(b)* Paragraph *(a)* applies, three months after the commencement of the Labour Relations Amendment Act, 2014, to fixed term contracts of employment entered into before the commencement of the Labour Relations Amendment Act, 2014.

(9) As from the commencement of the Labour Relations Amendment Act, 2014, an employer must provide an *employee* employed in terms of a fixed term contract and an *employee* employed on a permanent basis with equal access to opportunities to apply for vacancies.

(10) *(a)* An employer who employs an *employee* in terms of a fixed term contract for a reason contemplated in subsection (4)*(d)* for a period exceeding 24 months must, subject to the terms of any applicable *collective agreement*, pay the *employee* on expiry of the contract one week's remuneration for each completed year of the contract calculated in accordance with section 35 of the *Basic Conditions of Employment Act.*

*(b)* An *employee* employed in terms of a fixed-term contract, as contemplated in paragraph *(a)*, before the commencement of the Labour

*(c)* 'n *werknemer* in diens geneem ingevolge 'n vastetermyndienskontrak wat deur enige statuut, sektorale vasstelling of *kollektiewe ooreenkoms* of sektorale ooreenkoms toegelaat word.

(3) 'n Werkgewer kan 'n *werknemer* op 'n vastetermyndienskontrak of agtereenvolgende vastetermyndienskontrakte in diens geneem, slegs vir langer as drie maande in *diens* neem indien—

*(a)* die aard van die werk waarvoor die *werknemer* in diens geneem is vir 'n beperkte of duidelik omskrewe duur is; of

*(b)* die werkgewer enige ander regverdigbare rede vir die vasstelling van die termyn van die kontrak kan demonstreer.

(4) Sonder om die algemeenheid van subartikel (3) te beperk, sal die sluiting van 'n vastetermyndienskontrak geregverdig wees indien die *werknemer*—

*(a)* enige ander *werknemer* vervang wat tydelik van die werk afwesig is;

*(b)* in diens geneem word weens 'n tydelike toename in die volume werk wat na verwagting nie langer as 12 maande sal voortduur nie;

*(c)* 'n student of onlangse gegradueerde is wat in diens is met die doel om opleiding te ontvang of werkservaring op te doen ten einde 'n werk of beroep te betree;

*(d)* in diens geneem is om uitsluitlik aan 'n bepaalde projek te werk wat 'n beperkte of omskrewe duur het;

*(e)* 'n nie-burger is aan wie 'n werkspermit vir 'n omskrewe tydperk toegestaan is;

*(f)* in diens geneem is om seisoenale werk te doen;

*(g)* vir die doel van 'n amptelike openbarewerkeskema of soortgelyke openbare werkskeppingskema in diens geneem is;

*(h)* in diens geneem is vir die doel van 'n posisie wat vir 'n beperkte tydperk deur 'n eksterne bron gefinansier is; of

*(i)* die normale of ooreengekome aftreeouderdom van toepassing in die werkgewer se besigheid, bereik het.

(5) *Diens* ingevolge 'n vastetermyndienskontrak wat in stryd met subartikel (3) gesluit of hernu is, word geag van onbepaalde duur te wees.

(6) 'n Aanbod om 'n *werknemer* op 'n vastetermyndienskontrak in diens te neem of om 'n vastetermyndienskontrak te hernu of te verleng, moet—

*(a)* skriftelik wees; en

*(b)* die redes in subartikel (3)*(a)* of *(b)* beoog, stel.

(7) Indien dit in enige verrigtinge van toepassing is, moet 'n werkgewer bewys dat daar 'n regverdigbare rede was om die termyn van die kontrak vas te stel soos in subartikel (3) bedoel en dat daar op die termyn ooreengekom is.

(8) *(a)* 'n *Werknemer* ingevolge 'n vastetermyndienskontrak in diens vir langer as drie maande moet nie minder gunstige behandeling kry as 'n *werknemer* wat op 'n voltydse basis in diens is nie wat dieselfde of soortgelyke werk doen, tensy daar 'n regverdigbare rede is vir verskillende behandeling.

*(b)* Paragraaf *(a)* is van toepassing, drie maande na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014, op vastetermyndienskontrakte wat voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014, aangegaan is.

(9) Met ingang van die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014, moet 'n werkgewer 'n *werknemer* wat ingevolge 'n vastetermyndienskontrak in diens is en 'n *werknemer* wat op 'n voltydse basis in diens is, van gelyke toegang tot geleenthede om aansoek te doen om vakatures, voorsien.

(10) *(a)* 'n Werkgewer wat 'n *werknemer* ingevolge 'n vastetermyndienskontrak vir 'n rede in subartikel (4)*(d)* beoog, vir 'n tydperk wat 24 maande oorskry, in diens neem moet, behoudens die voorwaardes van enige toepaslike *kollektiewe ooreenkoms*, die *werknemer* by verstryking van die kontrak een week se vergoeding vir elke voltooide jaar van die kontrak bereken ooreenkomstig artikel 35 van die *Wet op Basiese Diensvoorwaardes*, betaal.

*(b)* 'n *Werknemer* wat ingevolge 'n vastetermyndienskontrak in diens geneem is, soos in paragraaf *(a)* beoog, voor die inwerkingtreding van die

Relations Amendment Act, 2014, is entitled to the remuneration contemplated in paragraph *(a)* in respect of any period worked after the commencement of the said Act.

(11) An *employee* is not entitled to payment in terms of subsection (10) if, prior to the expiry of the fixed term contract, the employer offers the *employee* employment or procures employment for the *employee* with a different employer, which commences at the expiry of the contract and on the same or similar terms.

**Part-time employment of employees earning below earnings threshold**

**198C.** (1) For the purpose of this section—

*(a)* a part-time *employee* is an *employee* who is remunerated wholly or partly by reference to the time that the *employee* works and who works less hours than a comparable full-time *employee*; and

*(b)* a comparable full-time *employee*—

  (i) is an *employee* who is remunerated wholly or partly by reference to the time that the *employee* works and who is identifiable as a full-time *employee* in terms of the custom and practice of the employer of that *employee*; and

  (ii) does not include a full-time *employee* whose hours of work are temporarily reduced for *operational requirements* as a result of an agreement.

(2) This section does not apply—

*(a)* to *employee*s earning in excess of the threshold determined by the *Minister* in terms of section 6(3) of the *Basic Conditions of Employment Act*;

*(b)* to an employer that employs less than 10 *employee*s or that employs less than 50 *employee*s and whose business has been in operation for less than two years, unless—

  (i) the employer conducts more than one business; or

  (ii) the business was formed by the division or dissolution, for any reason, of an existing business;

*(c)* to an *employee* who ordinarily works less than 24 hours a month for an employer; and

*(d)* during an *employee*'s first three months of continuous *employment* with an employer.

(3) Taking into account the working hours of a part-time *employee*, irrespective of when the part-time *employee* was employed, an employer must—

*(a)* treat a part-time *employee* on the whole not less favourably than a comparable full-time *employee* doing the same or similar work, unless there is a justifiable reason for different treatment; and

*(b)* provide a part-time *employee* with access to training and skills development on the whole not less favourable than the access applicable to a comparable full-time *employee*.

(4) Subsection (3) applies, three months after the commencement of the Labour Relations Amendment Act, 2014, to part-time employees employed before the commencement of the Labour Relations Amendment Act, 2014.

(5) After the commencement of the Labour Relations Amendment Act, 2014, an employer must provide a part-time *employee* with the same access to opportunities to apply for vacancies as it provides to full-time *employees*.

(6) For the purposes of identifying a comparable full-time *employee*, regard must be had to a full-time *employee* employed by the employer on the same type of *employment* relationship who performs the same or similar work—

*(a)* in the same *workplace* as the part-time *employee*; or

Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014, is geregtig op die besoldiging in paragraaf *(a)* beoog, ten opsigte van enige tydperk na inwerkingtreding van die genoemde Wet gewerk.

(11) 'n *Werknemer* is nie geregtig op betaling ingevolge subartikel (10) nie indien, voor die verstryking van die vastetermyndienskontrak, die werkgewer vir die *werknemer* werk aanbied of by 'n ander werkgewer vir die *werknemer* werk kry, wat in aanvang neem by die verstryking van die kontrak en op dieselfde of soortgelyke voorwaardes.

**Deeltydse diens van werknemers wat onder verdienstedrempel verdien**

**198C.** (1) By die toepassing van hierdie artikel—

*(a)* is 'n deeltydse *werknemer* 'n *werknemer* wat ten volle of gedeeltelik besoldig word met verwysing na die tyd wat die *werknemer* werk en wat minder ure as 'n vergelykbare voltydse *werknemer* werk; en

*(b)* 'n vergelykbare voltydse *werknemer*—

(i) is 'n *werknemer* wat ten volle of gedeeltelik besoldig word met verwysing na die tyd wat die *werknemer* werk en wat identifiseerbaar is as 'n voltydse *werknemer* ingevolge die gewoonte en gebruik van die werkgewer van daardie *werknemer*; en

(ii) sluit nie 'n voltydse *werknemer* in nie wie se ure van werk vir *bedryfsvereistes* tydelik verminder is as gevolg van 'n ooreenkoms.

(2) Hierdie artikel is nie van toepassing nie—

*(a)* op *werknemers* wat meer verdien as die drempel deur die *Minister* bepaal ingevolge artikel 6(3) van die *Wet op Basiese Diensvoorwaardes*;

*(b)* op 'n werkgewer wat minder as 10 *werknemers* in diens het of wat minder as 50 *werknemers* in diens het en wie se besigheid vir minder as twee jaar in bedryf is, tensy—

(i) die werkgewer meer as een besigheid het; of

(ii) die besigheid gevorm is deur die verdeling of ontbinding, om enige rede, van 'n bestaande besigheid;

*(c)* op 'n *werknemer* wat gewoonlik minder as 24 uur per maand vir 'n werkgewer werk; en

*(d)* tydens 'n *werknemer* se eerste drie maande ononderbroke diens by 'n werkgewer.

(3) Met inagneming van die werkure van 'n deeltydse *werknemer*, ongeag wanneer die deeltydse *werknemer* in diens geneem is, moet 'n werkgewer—

*(a)* 'n deeltydse *werknemer* in die geheel nie swakker behandel as 'n vergelykbare voltydse *werknemer* wat dieselfde of soortgelyke werk doen nie, tensy daar 'n regverdigbare rede is vir verskillende behandeling; en

*(b)* 'n deeltydse *werknemer* toegang gee tot opleiding en vaardigheidsontwikkeling wat in die geheel nie minder voordelig is as die toegang van toepassing op 'n vergelykbare voltydse *werknemer* nie.

(4) Subartikel (3) is van toepassing, drie maande na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014, op deeltydse *werknemers* wat voor die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014, in diens was.

(5) Na die inwerkingtreding van die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014, moet 'n werkgewer 'n deeltydse *werknemer* dieselfde toegang gee tot geleenthede om aansoek te doen om vakante poste wat hy vir voltydse *werknemers* gee.

(6) Vir die doel om 'n vergelykbare voltydse *werknemer* te identifiseer, moet 'n voltydse *werknemer* in ag geneem word wat in diens staan van die werkgewer met dieselfde tipe *diensverhouding*, wat dieselfde of soortgelyke werk doen—

*(a)* in dieselfde *werkplek* as die deeltydse *werknemer*; of

*(b)* if there is no comparable full-time *employee* who works in the same *workplace*, a comparable full-time *employee* employed by the employer in any other *workplace*.

**General provisions applicable to sections 198A to 198C**

**198D.** (1) Any *dispute* arising from the interpretation or application of sections 198A, 198B and 198C may be referred to the Commission or a *bargaining council* with jurisdiction for conciliation and, if not resolved, to arbitration.

(2) For the purposes of sections 198A(5), 198B(8) and 198C(3)*(a)*, a justifiable reason includes that the different treatment is a result of the application of a system that takes into account—

*(a)* seniority, experience or length of service;
*(b)* merit;
*(c)* the quality or quantity of work performed; or
*(d)* any other criteria of a similar nature,

and such reason is not prohibited by section 6(1) of the Employment Equity Act, 1998 (Act No. 55 of 1998).

(3) A party to a dispute contemplated in subsection (1), other than a dispute about a dismissal in terms of section 198A(4), may refer the dispute, in writing, to the Commission or to the bargaining council, within six months after the act or omission concerned.

(4) The party that refers a dispute must satisfy the Commission or the bargaining council that a copy of the referral has been served on every party to the dispute.

(5) If the dispute remains unresolved after conciliation, a party to the dispute may refer it to the Commission or to the bargaining council for arbitration within 90 days.

(6) The Commission or the bargaining council may at any time, permit a party that shows good cause to, refer a dispute after the relevant time limit set out in subsection (3) or (5).''.

**Amendment of section 200A of Act 66 of 1995, as amended by section 51 of Act 12 of 2002**

**39.** Section 200A of the principal Act is hereby amended by the substitution for subsection (1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

''Until the contrary is proved, for the purposes of *this Act*, any *employment law* and section 98A of the Insolvency Act, 1936 (Act No. 24 of 1936), a person who works for, or renders services to, any other person is presumed, regardless of the form of the contract, to be an *employee*, if any one or more of the following factors are present:''.

**Insertion of section 200B in Act 66 of 1995**

**40.** The following section is hereby inserted in the principal Act after section 200A:

''**Liability for employer's obligations**

**200B.** (1) For the purposes of *this Act* and any other *employment law*, 'employer' includes one or more persons who carry on associated or related activity or business by or through an employer if the intent or effect of their doing so is or has been to directly or indirectly defeat the purposes of *this Act* or any other *employment law*.

(2) If more than one person is held to be the employer of an *employee* in terms of subsection (1), those persons are jointly and severally liable for any failure to comply with the obligations of an employer in terms of *this Act* or any other *employment law*.''.

*(b)* indien daar geen vergelykbare voltydse *werknemer* is wat in dieselfde *werkplek* werk nie, 'n vergelykbare voltydse *werknemer* in 'n ander *werkplek* in diens van die werkgewer.

**Algemene bepalings van toepassing op artikels 198A tot 198C**

**198D.** (1) Enige *geskil* wat ontstaan uit die vertolking of toepassing van artikels 198A, 198B en 198C kan na die Kommissie of 'n *bedingingsraad* met jurisdiksie vir bemiddeling verwys word en, indien nie opgelos nie, na arbitrasie.

(2) By die toepassing van artikels 198A(5), 198B(8) en 198C(3)*(a)*, is 'n regverdigbare rede vir verskillende behandeling dat dit 'n gevolg is van die toepassing van 'n stelsel wat in ag neem—

*(a)* senioriteit, ervaring of duur van diens;
*(b)* meriete;
*(c)* die kwaliteit of kwantiteit van werk wat gedoen is; of
*(d)* enige ander maatstawwe van 'n soortgelyke aard,

en sodanige rede nie verbied is nie by artikel 6(1) van die 'Employment Equity Act, 1998' (Wet No. 55 van 1998).

(3) 'n Party tot 'n geskil in subartikel (1) beoog, behalwe 'n geskil oor 'n ontslag ingevolge artikel 198A(4), kan die geskil skriftelik na die Kommissie of na die bedingingsraad verwys, binne ses maande na die handeling of versuim geskied het.

(4) Die party wat 'n geskil verwys moet die Kommissie of die bedingingsraad oortuig dat 'n afskrif van die verwysing op elke party tot die geskil beteken is.

(5) Indien die geskil na bemiddeling steeds onopgelos is, kan 'n party tot die geskil dit binne 90 dae na die Kommissie of die bedingingsraad verwys vir arbitrasie.

(6) Die Kommissie of die bedingingsraad kan te eniger tyd 'n party wat goeie gronde aanvoer toelaat om 'n geskil na afloop van die tersaaklike tydsbeperking in subartikel (3) of (5) bedoel, te verwys.''.

**Wysiging van artikel 200A van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 51 van Wet 12 van 2002**

**39.** Artikel 200A van die Hoofwet word hierby gewysig deur in subartikel (1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

''Totdat die teendeel bewys is, by die toepassing van *hierdie Wet*, enige *dienswet* en artikel 98A van die Insolvensiewet, 1936 (Wet No. 24 van 1936), word daar vermoed dat 'n persoon wat werk vir, of dienste lewer aan, enige ander persoon, ongeag die vorm van die kontrak, 'n *werknemer* is, indien een of meer van die volgende faktore aanwesig is:''.

**Invoeging van artikel 200B in Wet 66 van 1995**

**40.** Die volgende artikel word hierby na artikel 200A in die Hoofwet ingevoeg:

''**Aanspreeklikheid vir werkgewer se verpligtinge**

**200B.** (1) By die toepassing van *hierdie Wet* en enige ander *dienswet,* sluit 'werkgewer' een of meer persone in wat geassosieerde of verwante aktiwiteite of sake doen deur of deur middel van 'n werkgewer indien die bedoeling en uitwerking van hul handeling is of was om die doeleindes van *hierdie Wet* of enige ander *dienswet* regstreeks of onregstreeks te verydel.

(2) Indien meer as een persoon ingevolge subartikel (1) as werkgewer van 'n *werknemer* beskou word, is daardie persone gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir enige versuim om aan die verpligtinge van 'n werkgewer ooreenkomstig *hierdie Wet* of enige ander *dienswet* te voldoen.''.

**Amendment of section 203 of Act 66 of 1995, as amended by section 52 of Act 12 of 2002**

**41.** Section 203 of the principal Act is hereby amended by the insertion after subsection (2) of the following subsections:

"(2A) The *Minister* may issue a *code of good practice* by publishing it in the Government *Gazette* in accordance with the provisions of this section, if—

*(a)* proposals relating to the *code of good practice* have been tabled and considered by *NEDLAC;* and

*(b)* *NEDLAC* has reported to the *Minister* that it has been unable to reach agreement on the matter.

(2B) Subsection (2A) applies to the amendment or replacement of an existing *code of good practice.*".

**Amendment of section 213 of Act 66 of 1995, as amended by sections 52 and 53 of Act 42 of 1996, section 54 of Act 12 of 2002 and section 43 of Act 30 of 2007**

**42.** Section 213 of the principal Act is hereby amended—

*(a)* by the insertion after the definition of "*collective agreement*" of the following definition:

" **'Commission'** mean the Commission for Conciliation, Mediation and Arbitration established by section 112;";

*(b)* by the substitution for paragraph *(a)* of the definition of "*employment law*" of the following paragraph:

"*(a)* the Unemployment Insurance Act, **[1966 (Act No. 30 of 1966)]** 2001 (Act No. 63 of 2001);";

*(c)* by the deletion in the definition of "*employment law*" of the word "and" at the end of paragraph *(d)* and the addition of the following paragraph:

"*(f)* the Unemployment Insurance Contributions Act, 2002 (Act No. 4 of 2002);"; and

*(d)* by the substitution for the definition of "serve" of the following definition:

" **'serve'** means to send by electronic mail, registered post, telegram, telex, telefax or to deliver by hand, and—

*(a)* in respect of the Labour Courts, any other method of service specified in the rules of the Labour Court;

*(b)* in respect of the Commission, any other method of service specified in the Rules of the Commission;

*(c)* in respect of a *bargaining council*, any other method of service specified in a *collective agreement* concluded in the *bargaining council*.".

**Amendment of long title of Act 66 of 1995**

**43.** The long title of the principal Act is hereby amended by the substitution for "section 27" of "section 23".

**Amendment of Schedule 7 to Act 66 of 1995**

**44.** Item 27 of Part H of Schedule 7 to the principal Act is hereby amended by the substitution in item 27(1) for the words preceding paragraph *(a)* of the following words:

"Until such time as rules made by the Commission in terms of section **[115(2A)*(m)*]** 115(2A)*(k)* of the Act come into force—".

**Short title**

**45.** (1) This Act is called the Labour Relations Amendment Act, 2014 and comes into operation on a date fixed by the President by proclamation in the Government *Gazette*.

(2) Notwithstanding subsection (1), the coming into operation of section 198(4F) is suspended until the date when the applicable legislation contemplated in section 198(4F) enters into force.

**Wysiging van artikel 203 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikel 52 van Wet 12 van 2002**

**41.** Artikel 203 van die Hoofwet word hierby gewysig deur die volgende subartikels na subartikel (2) in te voeg:

"(2A) Die *Minister* kan 'n *goeie praktykkode* uitreik deur dit ooreenkomstig die bepalings van hierdie artikel in die *Staatskoerant* te publiseer, indien—

*(a)* voorstelle wat verband hou met die *goeie praktykkode* ter tafel gelê is en deur *NEOAR* oorweeg is; en

*(b)* *NEOAR* aan die *Minister* rapporteer het dat dit nie ooreenstemming oor die aangeleentheid kon bereik nie.

(2B) Subartikel (2A) is van toepassing op die wysiging of vervanging van 'n bestaande *goeie praktykkode.".*

**Wysiging van artikel 213 van Wet 66 van 1995, soos gewysig deur artikels 52 en 53 van Wet 42 van 1996, artikel 54 van Wet 12 van 2002 en artikel 43 van Wet 30 van 2007**

**42.** Artikel 213 van die Hoofwet word hierby gewysig—

*(a)* deur die omskrywing van "beteken" deur die volgende omskrywing te vervang:

" **'beteken'** om per elektroniese pos, geregistreerde pos, telegram, teleks of telefaks te stuur of per hand af te lewer, en ten opsigte van—

*(a)* die Arbeidshowe, enige ander metode van betekening in die reëls van die Arbeidshof vermeld;

*(b)* die Kommissie, enige ander metode van betekening in die Reëls van die Kommissie vermeld;

*(c)* 'n *bedingingsraad*, enige ander metode van betekening vermeld in 'n *kollektiewe ooreenkoms* gesluit in 'n *bedingingsraad*;";

*(b)* deur paragraaf *(a)* van die omskrywing van "*dienswette*" deur die volgende paragraaf te vervang:

"*(a)* Die **[Werkloosheidversekeringswet, 1966 (Wet No. 30 van 1966)]** 'Unemployment Insurance Act, 2001' (Wet No. 63 van 2001);";

*(c)* deur in die omskrywing van "*dienswette*" die woord "en" aan die einde van paragraaf *(d)* te skrap en die volgende paragraaf by te voeg:

"*(f)* die 'Unemployment Insurance Contributions Act, 2002' (Wet No. 4 van 2002);"; en

*(d)* deur die volgende omskrywing na die omskrywing van "*hierdie Wet"* in te voeg:

" **'Kommissie'** die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie ingestel kragtens artikel 112;".

**Wysiging van lang titel van Wet 66 van 1995**

**43.** Die lang titel van die Hoofwet word hierby gewysig deur "artikel 27" deur "artikel 23" te vervang.

**Wysiging van Bylae 7 tot Wet 66 van 1995**

**44.** Item 27 van Deel H van Bylae 7 tot die Hoofwet word hierby gewysig deur in item 27(1) die woorde wat paragraaf *(a)* voorafgaan deur die volgende woorde te vervang:

"Tot tyd en wyl reëls wat deur die Kommissie ingevolge artikel **[115(2A)*(m)*]** 115(2A)*(k)* van die Wet uitgevaardig is, in werking tree—".

**Kort titel**

**45.** (1) Hierdie Wet heet die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge, 2014 en tree in werking op 'n datum deur die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

(2) Ondanks subartikel (1), word die inwerkingtreding van artikel 198(4F) uitgestel tot op die datum wanneer die toepaslike wetgewing beoog in artikel 198(4F) van krag word.